



SABoerperd

RAADSVERSLAG 2018

OPLEIDING & KURSUSSE / STÊRHINGS RPROJEK

Frikkie Combrink

Dit was weereens vir my 'n voorreg om gedurende 2018 op die Raad te dien. Baie dankie aan almal wat my in die verband ondersteun het. Hiermee doen ek verslag van aksies binne my portefeulje.

KURSUSSE: BEOORDELAARS BEAMPTESVEREENIGING

'n Kursus deur die Beamptes-vereeniging is in Pretoria aangebied deur Linette Gerber.

9 SABoerperd Kandidate het die kursus bygewoon, waarvan 6 geslaag het.

Hulle moet nog verskeie praktiese eksamens aflê voor hulle amptelik as nasionale beamptes (alle rasse) aangestel sal word.

Marius van Rooyen was tydens die Internasionale Kampioenskappe teenwoordig om 'n faset van die beoordelaars beampteskursus, soos ingeskryf deur Betha en Barend Dorfling, te assesseer.

Natasha Smit het prakties tydens die Wes-Kaap Kampioenskappe gedoen.

KURSUS: BOUVORM & ETIKET

'n Algemene inligtingskursus, sowel as 'n kursus in Bouvorm & Etiket is aangebied deur myself tydens die Namibië keuringstoer.

BEOORDELAARS

Die volgende ervare beoordelaars van ander rasse het wel die SABoerperd eksamen deur die Ryperd Beoordelaarsvereniging in samewerking met Mnr. AJ Burger, geslaag en is op ons lys van beoordelaars 2019 geplaas:

- Pierre Jacobs;
- Jakes Jacobs;
- Enid Norton (sy het ook 'n Ruiterskuns beoordelaars eksamen geslaag);
- Kokkies Rademan (het al SABoerperde gery).

Baie geluk ook aan die nuwe beoordelaars wat al die komponente van die SA Boerperd beoordelaarskwalifikasie geslaag het en dus genooi kan word om streekkampioenskappe te beoordeel.

- Jan Joubert;
- Natasha Smit.

Die lys van beoordelaars is reeds opgegradeer.

Die volgende kandidaat beoordelaars het die high-low eksamen aflê tydens die Internasionale Kampioenskappe afgelê as een van die komponente van die beoordelaarseksamen:

- Margaux Roux (sy moet nog optree as versameling beampte);
- AJ Burger (slegs 3 dae – nog 'n gedeelte uitstaande).

STÊRHINGS PROJEK

16 hingste se dekkings is opgeveil. Die duurste dekkings was

Rooigras Spend a Pound vir R 10 000.00

Eggo Klinker vir R 9 200.00.

17 Vullens is ingeskryf vir die Stêrvul beoordeling.

Die wenner was Aandag Glock, wat prysgeld van ± R 30 000.00 ontvang het.

Prysgeld van R15 000.00 en R5 000.00 is aand die 2de en 3de plekke onderskeidelik gegee.

Baie dankie aan Mnre. M. Burger en Langenhoven wat in my afwesigheid, by die skou vir my ingestaan het.